

Nuwe tendense en moontlikhede in die studie van die grondteks van die Nuwe Testament: ‘n Onderzoek na ‘n Reformatoriese model¹

Prof. GDS Smit

OPSOMMING

In hierdie referaat word oorsigtelik gekyk na verskillende tekstradisies van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek. Verder word kennis geneem van die feit dat daar tans in die navorsing van die grondteks van die Nuwe Testament waardevolle getuienis vanuit die Oxyrhynchus-papiri na vore kom wat ruimte bied vir verdere navorsing oor die betroubaarheid van die Bisantynse tekstradisie. Ten spyte van jarelange verskille tussen geleerdes oor die betroubaarheid van die metodiek van Westcott en Hort, wat neerslag vind in die kritiese teks van Nestlé-Aland/UBS, domineer die Nestlé-Aland/UBS teks steeds in Bybelvertalings die afgelope eeu. Die invloed van die Skrifkritiek op die Nuwe-Testamentiese wetenskap het egter nie die Tekskritiek gespaar nie, en leidende figure soos Parker en Ehrman het tans ‘n sterk invloed in ‘n “nuwe perspektief” op die teks van die Nuwe Testament, wat konserwatiewe Bybellesers en teoloë tereg laat soek na ‘n alternatiewe en dog betroubare grondteks vir die Nuwe Testament. Die saak word hier uitgemaak dat die Bisantynse tekstradisie wel betroubare alternatiewe bied in dié verband. Laastens word ‘n saak uitgemaak dat die Nederlandse Statevertaling ‘n goeie steekproef bied vir ‘n teks wat binne die Bisantynse tekstradisie ontstaan het. Derhalwe word die moontlikheid gestel dat navorsing op die Statevertaling vir die reformatoriese kerke in Suid-Afrika van groot waarde kan wees en word die publiserings van ‘n Reformatoriese Studiebybel vir die Afrikaanse kerkvolk in die vooruitsig gestel.

SUMMARY

This paper examines different text traditions known in the scientific field of New Testament textual criticism. It is noted that current research concerning the Oxyrhynchus-papyri makes compelling provision for further research concerning the reliability of the Byzantine text tradition. Despite several differences amongst scholars with regard to the reliability of the theories of Westcott and Hort, the critical text of Nestlé-Aland/UBS (which are based on the eclectic theory of Westcott-Hort) was dominant in Bible translations the last century. It is argued that constant criticism on Scripture and many scholars questioning the reliability of the New Testament, also influenced New Testament textual criticism. Well-known scholars, like Parker and Ehrman, have a definitive impact regarding a “new perspective” on the text of the New Testament, which is of concern to many conservative Bible scholars. Consequently, many conservatives are searching for an alternative, yet reliable text of the New Testament. A case is opened for considering the Byzantine text tradition in this regard. Finally, the Dutch ‘Statevertaling’ is introduced as a proper representative of the Byzantine text tradition, to examine the possibility that research on the ‘Statevertaling’ may lead to a reformed study Bible for Afrikaans churches in future.


¹ Referaat gelewer tydens die Simposium oor die Statevertaling, in samewerking met die Nederlandse Bybelstigting (Amsterdam), te Pretoria op 31 Januarie 2017.

Inleiding

In die begin van die geskiedenis van die kerk, het gelowiges deur ooggetuies en apostels gedeel in die kennis van Christus. Eusebius sê Papias het, wanneer iemand aan hom gesê het dat hulle volgelingen van die “*presbuteroi*” is (verwysende na die apostels), hulle uitgevra oor wat die apostels self sou gesê het omdat hy nie geglo het dat boeke dieselfde waarde het om die lewende Woord suiwer te bewaar soos die lewende stem van ooggetuies nie². Met verloop van tyd het dié ooggetuies egter weggeval en moes die kerk gebruik maak van *manuskripte* (lt. handgeskrewe tekste) om die “lewende Woord” te bewaar.

Sedertdien word daar verwys na variasies in die teks van die Nuwe Testament. Die eerste spore ten opsigte van dié soort variasies ten opsigte van die grondteks van die Nuwe Testament, vind ons alreeds by Irenaeus (2de eeu), Origenes (3de eeu) en Jeromius (4de-5de eeu)³. Hierdie geskiedenis is vele male en op verskeie wyses vir ons op skrif gestel. Dit is natuurlik nie moontlik om hier volledig stil te staan by dié geskiedenis nie: dit is bloot net té omvangryk om in ‘n paar sinne daaraan reg te laat geskied. Dit is egter belangrik om minstens ter oriëntering van die probleem op die tafel vandag, ‘n oorsig te neem oor die skaal van die debat wat ons hier in die visier neem. In dié opsig, dien Figuur 2⁴ as vertrekpunt⁵.

In vereenvoudigde vorm, gaan die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in wese uit van die volgende voorveronderstelling ten opsigte van die teks van die Nuwe Testament (Figuur 1 hieronder).



Meeste van ons is vertrou met die bekende werk van Metzger, getiteld *The Text of the New Testament*⁶, wat al ‘n standaardwerk in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek was vir dekades. Om dié rede gaan ek nie vandag die tyd op neem om in te gaan in die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek of die teorieë met betrekking tot die eklektiese teks of selfs die teksgeskiedenis nie. Indien iemand belangstel, kan dit in die genoemde werk van Metzger nageslaan word. Die werk van Warfield, getiteld *An Introduction to the Textual Criticism of*

² Aangehaal in Wegner, Paul D. 1992. *A student's guide to textual criticism of the Bible*. Downer's Grove: Intervarsity Press.

³ Vergelyk Wegner, a.w., hoofstuk 7.

⁴ Op die laaste bladsy.

⁵ Die skematiese voorstelling op p. 15 dien as ‘n poging om die komplekse geskiedenis van tekstransmissie en verskillende tekstradisies saam te vat. Uit die aard van die saak sal elke eksponent en elke teksvariasie nie hier tot sy reg kan kom nie.

⁶ Metzger, Bruce M. 1968 [1985]. *The Text of the New Testament. Its transmission, corruption and restoration*. Second Edition. Oxford: Clarendon Press.

*the Bible*⁷ gee vir ons ook ‘n uitstekende sinopsis van die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek. Smit⁸ (2009) gee ook ‘n bruikbare beknopte oorsig oor die teksgeskiedenis van die Nuwe Testament, asook die faktore wat die teksgeskiedenis beïnvloed het wat die basiese probleem ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek verhelder. Ons volstaan hier met enkele opmerkings ter wille van oriëntering.

Bronne vir tekstradisies van die Griekse Nuwe Testament

Die kritiese uitgawes van die Nuwe Testament het eers hul opwagting gemaak deur die invloed van Bengel (1725), Wettstein (1730), Griesbach (1796-1806) en Lachmann (1831-1850)⁹. Epp wys daarop dat dit nie Westcott en Hort was wat die bekende frase: “*Manuskripte moet geweeë en nie getel word nie*” bekend gestel het nie, maar Bengel in 1725¹⁰.

In die 19de eeu, vind ons die bekende name van Tischendorf, Tregelles, Westcott en Hort. Westcott en Hort het van die veronderstelling uitgegaan dat die *Textus Receptus* se bronteks in die Siriese tradisie gesoek moet word. Volgens hulle was die Siriese teks die verste verwyder van die outograaf (of oorspronklike), en derhalwe die mees onbetroubare¹¹. Die negatiewe vooroordeel wat Westcott en Hort teenoor die *Textus Receptus* gehad het, was die bron van hewige kritiek. Kritiek op Westcott en Hort deur onder andere Burgon (1883)¹², Kenyon (1937)¹³ en meer onlangs, Pickering (1977)¹⁴, het meegewerk aan ‘n persepsie dat die *Textus Receptus* en die *Meerderheidstekes* dieselfde teks is, wat inderdaad nie die geval is nie, soos later aangetoon sal word.

Jakob van Bruggen het dié verskil inderdaad reg verstaan. Hy het ‘n moedige poging aangewend om hierdie wanpersepsie te probeer regstel toe hy gesê het dat ons duidelike onderskeid moet maak tussen die Bisantynse of Kerklike teks (wat byna twee millennia se rekord in die kerkgeskiedenis het!) en die *Textus Receptus* (wat dateer so onlangs as die 17de eeu). Hy skryf in dié verband: “...we distinguish the mentioned names from the name “*textus receptus*”, which is used to describe the printed form of the traditional text from the 16th and 17th century¹⁵”. Ten spyte hiervan, leef dié wanpersepsie vandag voort.

⁷ Warfield, BB. 1886. *An Introduction to the Textual Criticism of the Bible*. Allegheny. Veral pp. 211-225.

⁸ Smit, GDS. 2009. *Die verskynsel van Teksvariasie: ‘n Kort historiese oorsig*. Studiestuk vir die Kuratorium van die AP Kerke, pp. 1-30.

⁹ Epp, EJ. 1976. “The Eclectic Method in New Testament Textual Criticism: Solution or Symptom?” *Harvard Theological Review* 69 (1976), pp. 217 – 229.

¹⁰ *Ibid.* p. 220.

¹¹ Epp, Eldon Jay. 2002. “ISSUES IN NEW TESTAMENT TEXTUAL CRITICISM. Moving from the Nineteenth Century to the Twenty-First Century”. In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 206.

¹² Burgon, J. 1883. *The Revision Revised*. London.

¹³ Kenyon, F. 1937. *The Text of the Greek Bible*. London: Gerald Duckworth & co.

¹⁴ Pickering, Wilbur. 1977 [2014]. *The Identity of the New Testament Text*. Sovereign Grace Publishers.

¹⁵ Van Bruggen, Jakob. 1976. *The Ancient Text of the New Testament*. Kamper, volume 16. De Vuurbaak: Groningen, p. 3.

Epp noem die negentiende eeu ‘n era van merkwaardige ontdekking en bestudering van die manuskripte van die Nuwe Testament¹⁶. Volgens Epp¹⁷ het daar in hierdie tydperk veral 5 fokuspunte ten opsigte van die teks van die Nuwe Testament ontwikkel:

1. Die keuse tussen variante lesings en die keuse rondom die prioriteit van ‘n lesing
2. Die keuse tussen manuskripte en die keuse oor groepe
3. Die keuse tussen kritiese uitgawes van die teks van die Nuwe Testament en die keuse oor wat jy bereid is om prys te gee
4. Die keuse oor die konteks van die teks en die keuse oor moontlike beïnvloeding

Die negentiende eeu was ook die era vir die ontwikkeling en/of verfyning van verskillende teorieë oor die bronteks van die Nuwe Testament. Hoewel Westcott en Hort dikwels as verwysings dien vir die teorie oor verskillende tekstradisies in die oorlewering van die Nuwe-Testamentiese teks, het Semler reeds in 1767 3 groepe van tekstipes geïdentifiseer, naamlik die Alexandrynse teks (B-tekste), die Westerse teks (D-tekste) en die Oosterse of Bisantynse teks (A-tekstipe)¹⁸. Westcott en Hort het die sogenaamde “Neutrale tekstipe” kom voorstel, en verkeerdelik die afleiding gemaak dat die “neutrale teks” dié teks sou wees wat die minste gekontamineer sou wees deur die kopiëring van manuskripte in die vroeë kerkgeskiedenis. Westcott en Hort het toegegee dat hulle nie die sogenaamde “neutrale teks” kan toon nie, maar het volgehou dat daar so ‘n teks moet bestaan, en dat die naaste wat hulle kan kom aan die neutrale teks of die ongekontamineerde teks van die Nuwe Testament, dié van die B-tekste oftewel die Alexandrynse tekstipe was¹⁹. Die teorie van Westcott en Hort het veral sedert die begin van die 20ste eeu onder skoot gekom en teen die 1960’s was daar algemene konsensus onder geleerdes dat die sogenaamde “neutrale teks” van Westcott en Hort nie bestaan nie.

Die bydrae van die Oxyrhynchus-papiri

Die ontdekking van die Oxyrhynchus-papiri het ‘n enorme invloed gehad op die ontwikkeling van ons kennis oor die grondteks van die Nuwe Testament. Die stad Oxyrhynchus (wat beteken ‘skerp neus’) was 160 km suidwes van die huidige Kaïro geleë²⁰. Vir etlike eeue het die inwoners van die stad hulle rommel op verskeie hope in die buitewyke van die stad gegooi en omdat daar ‘n prominente Christelike gemeenskap was, het gebruikte manuskripte van die Nuwe Testament reeds sedert die derde eeu hulle finale rusplek tussen die duisende inkopielyste, briewe en betalingsbewyse van die stad gevind. Die Oxyrhynchus-papiri was veral in die 20ste eeu bekend vir die ontdekking van kopieë van gnostiese tekste soos die pseudepigrafiese²¹ Evangelie van Thomas. Om deur die sowat 500 000 fragmente te werk, neem egter baie tyd en die grootskaalse publisering en bekendmaking van die Oxyrhynchus-

¹⁶ Epp, Eldon Jay. 2002. “ISSUES IN NEW TESTAMENT TEXTUAL CRITICISM. Moving from the Nineteenth Century to the Twenty-First Century”. In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 152.

¹⁷ *Ibid.* Kindle plek 171.

¹⁸ *Ibid.* Kindle plek 409.

¹⁹ *Ibid.* Kindle plek 409.

²⁰ Vgl. <http://www.ancient-origins.net/artifacts-ancient-writings/oxyrhynchus-papyri-largest-cache-early-christian-manuscripts-discovered-020982> (Toegang: 12 Januarie 2017).

²¹ Geskryf onder vals naam, of anoniem.

manuskripte is eers met die beskikbaarheid van die internet gerealiseer. Vir byna ‘n honderd jaar is enkele manuskripte gepubliseer, maar sedert 1999 is duisende manuskripte aanlyn beskikbaar gestel vir geleerdes om te bestudeer²². Die studie van die Oxyrhynchus-papiri is tans ‘n braak veld wat vele moontlikhede bied vir navorsing in die teologie.

Oxyrhynchus ondersteun ook die Bisantynse tekstipe

Reeds met die eerste Nuwe-Testamentiese manuskripte wat vanuit Oxyrhynchus se fonds gepubliseer is in 1999, het geleerdes uitgewys dat dié manuskripte merkwaardig ooreenstem met veral die bekende Chester Beatty en Martin Bodmer-papiri. Dié onthulling het die teorie van Westcott en Hort op sy kop gekeer, naamlik dat die oudste betroubare teksgetuies van die Nuwe Testament in die Alexandrynse tekste verteenwoordig word.

Indien ons Burgon en Kenyon buite rekening laat²³, het Kirsopp Lake, Robert Blake en BH Streeter²⁴ reeds dekades vantevore hulle onsekerheid uitgespreek of die teorie van Westcott en Hort korrek is. Sedert die begin van hierdie eeu, met die beskikbaarheid van die Oxyrhynchus papiri, vind ons meer-en-meer stemme wat opgaan vir ‘n herevaluering van die betroubaarheid van die D-tekstipe (of die Bisantynse teks, wat besondere ooreenkomste toon met dié van die beskikbare tekste van Oxyrhynchus).

Nestlé-Aland domineer steeds

Epp wys daarop dat daar ‘n mening bestaan dat hoewel die Oxyrhynchus-tekste as betroubare getuies erken moet word, die datering van die tekste (waaroor konsensus bestaan dat dit voor 300 n.C. dateer moet word), nog nie voldoende nagevors is om Westcott en Hort se teorie summier te verwerp nie²⁵. Epp meen verder dat die feit dat die kritiese uitgawes van die Nuwe Testament van Nestlé-Aland reeds meer as ‘n honderd jaar van die veronderstelling uitgaan dat die tekste van onderskeidelik Tischendorf en Hort (onderskeidelik die Sinaiticus en die

²² Hoewel die projek nog in sy kinderskoene is en dit teen die huidige tempo nog dekades gaan neem voor al die Oxyrhynchus papiri beskikbaar sal wees, kan die beskikbare manuskripte by die volgende skakel bestudeer word: <http://www.papyrology.ox.ac.uk/POxy/>

²³ Ek vermy hier doelbewus die kritiek op Westcott en Hort deur Dean Burgon in: Burgon, J. 1883. *The Revision Revised*. London, en Kenyon, F. 1937. *The Text of the Greek Bible*. London: Gerald Duckworth & co. Burgon lê in sy werk swaar klem op die betroubaarheid van die teks van die kerkvaders, maar hy kan nie bewys in watter Griekse teks die aanhalings van die kerkvaders teruggevind kan word nie. As Anglikaan plaas hy swaar klem op die kerkvaders as “biskoppe” van die kerk en dat die kerk slegs die teks van “biskoppe” mag aanvaar, maar sy logika laat hom in die steek want die teks van Erasmus was juis nié deur die kerk voorberei nie, maar deur Erasmus as individu, juis in reaksie op die Komplutensiese Poliglot, wat deur die kerk voorberei was. Kenyon se kritiek op Westcott en Hort is ook nie wetenskaplik beredeneer nie, maar bevat etlike persoonlike tussenwerpsels wat nie getoets kan word nie (vgl. bv. pp. 170 en verder).

²⁴ Vgl. Petzer, JH. 1994. “The History of the New Testament Text— Its Reconstruction, Significance and Use in New Testament Textual Criticism,” in *New Testament Textual Criticism, Exegesis, and Early Church History: A Discussion of Methods* (reds. B. Aland and J. Delobel; Contributions to Biblical Exegesis and Theology 7; Kampen: Kok Pharos, pp. 18– 25.

²⁵ Epp, Eldon Jay. 2002. “ISSUES IN NEW TESTAMENT TEXTUAL CRITICISM. Moving from the Nineteenth Century to the Twenty-First Century”. In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 432.

Alexandrinus) vergelyk moet word om die beste lesing van die Nuwe Testament vas te stel, en 'n derde teks geraadpleeg word (nl. die Vaticanus), slegs waar konsensus tussen die tekste van Tischendorf en Hort geen konsensus bied nie²⁶, 'n *meganiese proses* is²⁷, wat duidelike spore aandui van 'n idee dat Nestlé-Aland die "oudste en mees betroubare bron vir die Nuwe Testament²⁸" is. Hierteenoor het die United Bible Society (UBS) reeds in 1968 besluit om nie meer Westcott en Hort as betroubare bron te gebruik nie, en vind ons in die Griekse uitgawes van die UBS sedert 1968 uiteenlopende verskille tussen die Nestlé-Aland (GNT N-A) en UBS tekste sedertdien. Hoewel Epp toegee dat "no proof is possible", meen hy, die enigste rede wat hy kan aanvoer vir hierdie vreemde volharding met Westcott en Hort in die GNT N-A moet wees dat Kurt Aland nou onder die heerskappy van Barbara Aland is. Daar is natuurlik ook die kwessie van jarelange erkenning en eer wat op die spel is, wat 'n rol kan speel in Nestlé-Aland (N-A) se volharding met Westcott en Hort. Die spanning tussen N-A en UBS is opmerklik. N-A gaan van die veronderstelling uit dat dít die meer betroubare lesings tussen die twee bevat. Teenoor die UBS-uitgawe van die Nuwe Testament verklaar Aland & Aland (1989:35): "*any further development of the text must begin from Nestle-Aland*²⁹".

Die "nuwe perspektief" op die Tekskritiek

Dit is uit die bogenoemde argumente duidelik dat daar aanduidings is dat die UBS-uitgawe van die Nuwe Testament tans as 'n beter en meer objektiewe kritiese uitgawe van die Griekse grondteks as Nestlé-Aland beskou kan word.

'n Kwessie waarmee ons ook moet rekening hou, is die feit dat die Nuwe-Testamentiese wetenskap die afgelope 200 jaar, maar in besonder sedert die 1960's 'n drastiese verandering in baie opsigte ondergaan het, maar veral ten opsigte van die debatte onder geleerdes oor die sogenaamde historiese-Jesus kwessie. Dit het gelei tot bykans universele invloed van die Jesus-seminaar en die Skrifkritiek op die Nuwe-Testamentiese wetenskap en - leerplanne by teologiese fakulteite wêreldwyd. DeSilva gee 'n praktiese oorsig oor die geskiedenis van die historiese-Jesus soektog en die Jesus-seminaar, en wys op belangrike plekke in die Nuwe-Testamentiese wetenskap waar die invloed van die Skrifkritiek vandag gesien kan word³⁰. In hierdie verband behoort ons ook kennis te neem van Greidanus se bydrae om 'n oorsig te gee oor die belangrikste vertrekpunte van die Skrifkritiek en hoe dit die prediking van die Nuwe Testament die afgelope dekades negatief beïnvloed³¹.

²⁶ Vir 'n volledige oorsig oor die metodiek van die Nestlé-Aland GNT, raadpleeg: Aland, Kurt & Aland, Barbara. 1989. *The Text of the New Testament. An introduction to the critical editions and to the theory and practice of modern textual criticism. Revised and enlarged.* Grand Rapids: Eerdmans, pp. 36-47.

²⁷ Epp, Eldon Jay. 2002. "ISSUES IN NEW TESTAMENT TEXTUAL CRITICISM. Moving from the Nineteenth Century to the Twenty-First Century". In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism.* Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 569.

²⁸ Epp, a.w., Kindle plek 573.

²⁹ Aland, Kurt & Aland, Barbara. 1989. *The Text of the New Testament. An introduction to the critical editions and to the theory and practice of modern textual criticism. Revised and enlarged.* Grand Rapids: Eerdmans, p. 35.

³⁰ DeSilva, DA. 2004. *An introduction to the New Testament: contexts, methods and ministry formation.* Downers Grove, IL: InterVarsity Press, pp. 145-166

³¹ Greidanus, Sidney. 1988. *The modern preacher and the ancient text. Interpreting and preaching Biblical Literature.* Grand Rapids: Eerdmans, pp. 35-37 en 52-67.

Sonder om nou hier op die besonderhede van die historiese-Jesus debat en die beskouing van die Skrifkritiek in te gaan, behoort 'n relevante vraag in dié opsig egter gevra te word: naamlik of die invloed van die Skrifkritiek, wat duidelik is op vele terreine van die huidige Nuwe-Testamentiese wetenskap, enige rol gespeel het in die vertrekpunte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek? Vir die laaste dekades van die 20ste eeu het dit geblyk of die antwoord op hierdie vraag negatief is. Tog het daar aan die einde van die 20ste eeu en die begin van die 21ste eeu 'n wending gekom in dié verband. Die naam van een teoloog behoort hier uitgesonder te word, en dit is dié van Bart Ehrman. In 1993 publiseer Ehrman 'n kontroversiële werk met die titel, *The Orthodox Corruption of Scripture*³². Hierdie werk word 'n topverkoper in teologiese kringe en so hoog geag dat Ehrman die genoemde werk aansienlik uitbrei en in 2011³³ uitgegee onder dieselfde titel. In die nuwe uitgawe fokus hy veral op die veranderinge in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek sedert die begin van die 21ste eeu³⁴. In die genoemde werk van Ehrman, gaan hy van die vertrekpunt uit dat, in teenstelling met Bengel en Wettstein en later Westcott en Hort, wat geleer het dat die grondteks van die Nuwe Testament in een-of-ander tradisie betroubaar oorgelewer is (vir hulle in die B-tradisie/Alexandrynse tekste), die Nuwe Testament in geen tradisie en in geen opsig betroubaar is nie. Derhalwe bestaan daar nie vir Ehrman iets soos 'n betroubare teksetuie van die Nuwe Testament nie. Volgens Ehrman³⁵ het die kerk deur die eeue, met die bedoeling om hulle *Ortodokse leer* te beskerm, die teks van die Nuwe Testament só besoedel, dat die teks sê wat hulle wou hê die teks moet en nie noodwendig wat in die teks gestaan het nie³⁶. Ehrman meen dit is nie vandag meer moontlik om te bepaal wat in die outograaf sou gestaan het nie. Om dié rede, meen Ehrman, kan ons aanvaar dat ons nie die teks van die Nuwe Testament het nie.

In navolging van Ehrman, publiseer Parker in 1997 sy invloedryke werk, *The Living Text of the Gospels*³⁷. Hierin skryf Parker onder andere oor die betroubaarheid van die Nuwe Testament soos volg: “*There is no authoritative text beyond the manuscripts which we may follow without further thought*” en weer: “*The people of God have to make up their own minds*”³⁸. In dié opsig stel Parker 'n ambisieuse doelwit vir die Nuwe Testamentiese Tekskritiek in die 21ste eeu, naamlik om die rol te aanvaar wat, so meen hy, die afgelope twee eeue tóégekken is: dat tekskritici beskou word as die verskaffer van gesaghebbende Nuwe-Testamentiese manuskripte³⁹. Parker meen dus, aangesien 'n betroubare teks van die Nuwe Testament ontbreek, dit die taak van tekskritici is om met 'n betroubaarder teks vorendag te kom. Hierdie uitgangspunt word die *nuwe perspektief op Tekskritiek* gedoop.

³² Ehrman, BD. 1993. *The Orthodox Corruption of Scripture: The Effect of Early Christological Controversies on the Text of the New Testament*. New York: Oxford University Press.

³³ Ehrman, BD. 2011. *The Orthodox Corruption of Scripture: The Effect of Early Christological Controversies on the Text of the New Testament*.

³⁴ Dit is hier veral belangrik om melding te maak van Ehrman se “afterword” aan die einde van die boek.

³⁵ Ehrman, a.w., p. 15.

³⁶ Ehrman, a.w. p. xii.

³⁷ Parker, David C. 1997. *The Living Text of the Gospels*. Cambridge: Cambridge University Press.

³⁸ Parker, a.w., p. 212.

³⁹ Parker, a.w., p. 94.

Intussen het kontroversiële werke van Ehrman, soos *Jesus: Apocalyptic Prophet of the New Millennium* (1999)⁴⁰, *Misquoting Jesus* (2005)⁴¹, en sy onlangse werk in 2016, naamlik *Jesus Before the Gospels. How the Earliest Christians Remembered, Changed, and Invented Their Stories of the Savior*⁴² hom ‘n internasionaal-erkende Nuwe-Testamentiese geleerde in veral liberale kringe gemaak. Ehrman beskou homself in beroep as ‘n Nuwe-Testamentiese geleerde, maar in oortuiging as ‘n “agnostiese atëis⁴³”. Sy kritiek op die betroubaarheid van die Nuwe Testament is alombekend⁴⁴. Hoewel daar nie konkrete bewyse is dat daar beïnvloeding op die grondteks van die Nuwe Testament plaasvind nie, is daar egter legitieme besorgdhede waarvan die kerk in die hantering van hierdie debat moet kennis neem en indien sodanige beïnvloeding bekend word, behoort die kerk ook dienooreenkomstig besluite te neem.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek onder die “nuwe perspektief” van leidende figure soos Ehrman en Parker beïnvloed kan word en derhalwe kan ‘n drastiese wending (moontlik op die weg van die Skrifkritiek) in toekomstige kritiese uitgawes van die Griekse Nuwe Testament verwag word.

Die verwagting is dat die skuif van die spreekwoordelike “doelpale” reeds sigbaar kan word in die opkomende uitgawe⁴⁵ van N-A^{28/29} (belangrik: sien voetnota 45). Greg Lanier⁴⁶ gee ‘n oorsig oor wat te wagte kan wees in (hersiëne) N-A²⁸. Daar het in N-A²⁸ ‘n hele aantal

⁴⁰ Ehrman, Bart D. 1999. *Jesus: Apocalyptic Prophet of the New Millennium*. New York: Oxford University Press

⁴¹ Ehrman, BD. 2005. *Misquoting Jesus*. San Francisco: Harper.

⁴² Ehrman, BD. 2016. *Jesus Before the Gospels. How the Earliest Christians Remembered, Changed, and Invented Their Stories of the Savior*. San Francisco: Harper.

⁴³ In: "Bart Ehrman". 'n Onderhoud op die televisieprogram: *The Daily Show*. 14 Maart 2006. Vergelyk ook Ehrman se blog: "Agnostic or atheist?" by: <https://ehрманblog.org/agnostic-or-atheist-for-members/> (Toegang: 26 Januarie 2017).

⁴⁴ Vergelyk, Ehrman, Bart D. 2004. *A Brief Introduction to the New Testament*. New York: Oxford University Press, pp. 158-184; pp. 275-286.

⁴⁵ Die uitgawe van N-A²⁸ het reeds ‘n tyd gelede verskyn (reeds 2013 in Europa maar heelwat later eers in SA), maar daar is ‘n verwagte hersiëne uitgawe van N-A²⁸ moontlik na aanleiding van noemenswaardige wysigings in die ECM (*Editio Critica Maior*). UBS⁵ het laat in 2014 verskyn en gewoonlik kom ‘n hersiëne uitgawe van N-A ongeveer 2-3 jaar na ‘n hersiëne uitgawe van UBS. Vandaar die verwagting dat dit iewers in 2017 sal verskyn. Die verwysing hier in die teks en verder aan in die paragraaf na N-A²⁸ het nie betrekking op die N-A wat in 2013 verskyn het nie, maar spesifiek wysigings aan die komende *Editio Critica Maior* en hoe dit (moontlik??) beslag sou vind in hersienings van N-A²⁸ en ook later in N-A²⁹ en vorentoe. Dat die nuwer uitgawes van N-A aangepas word na aanleiding van veranderinge in ECM is al ‘n bekende gebruik, maar die kommer bestaan in die opmerking wat gemaak word ten opsigte van die moontlike rigting wat die ECM met die oog op die toekoms inslaan: "The original biblical text was also reconstructed once more in this connection with a newly developed method; in this process it became evident that the existing text required extensive modification" <https://www.academic-bible.com/en/home/current-projects/editio-critica-maior-ecm> (Toegang: 16 Januarie 2017). Ek argumenteer nie hier dat N-A²⁷ en vroeër ‘n verdagte teks is nie, maar spreek sorg uit oor die toekoms van die GNT. Die totale hersiening van ECM sal na verwagting teen 2030 afgehandel wees. In die tussentyd sal N-A²⁸ voortdurend gewysig word na aanleiding van veranderinge aan ECM. My spekulاسie is dat die nuutste groot uitgawe van N-A rondom 2030 sal verskyn, wat sal bevestig in hoe ‘n mate die ECM die teks van die kritiese GNT gewysig het.

⁴⁶ Lanier, Greg. 2016. "Sharpening Your Greek: A Primer for Bible Teachers and Pastors on Recent Developments, with Reference to Two New Intermediate Grammars, Part II", In: *Reformed Faith and Practice*. Volume 1, Uitgawe 3. Ook aanlyn beskikbaar by: http://journal.rts.edu/article/sharpening-your-greek-a-primer-for-bible-teachers-and-pastors-on-recent-developments-with-reference-to-two-new-intermediate-grammars-part-ii/#_ftnref42. Toegang: 3 Januarie 2017.

veranderinge gekom wat die metodiek van die tekskritiese apparaat beïnvloed (bv. die blokhakies van glosse in N-A²⁶ en vroeër, is in N-A²⁸ vervang, met die reeds bekende N-A²⁷ diamantjies wat glosse aandui). Die gebruik word oorgedra na N-A²⁹. Die bekende A, B, C, en D-sekerheidsgraderings in die tekskritiese aantekeninge val weg in N-A²⁸. Wat egter minder ooglopend is en tog baie meer invloedryk, is etlike tekswysigings wat aangebring word in N-A^{28/29}. Die konsensus onder geleerdes is dat die verskil nie nou so sigbaar is in N-A²⁸ nie, maar moontlik wel reeds in die ECM (*Editio Critica Maior in 2030*) (moontlik N-A²⁹ – vgl. voetnota 45?). Na aanleiding van hierdie insig, vra Lanier die vraag: “...how will the shift in goal, from ‘original’ text to ‘initial’ text impact the way Reformed/evangelical folks who hold to biblical inspiration approach the critical GNT?” en later skryf Lanier weer: “The philosophical shift underlying the ECM project, however, is meaningful. The goal is no longer positioned as ‘getting back to what Mark wrote’ but, rather, ‘getting back as early as possible, given the extant data, to what the early church received as coming from Mark’”.

Peter Gurry⁴⁷ gee ook ‘n oorsig oor die reeds beskikbare gedeeltes van die hersiene teks van NA²⁸ en kom tot die gevolgtrekking: “Along with these textual changes, the CBGM has ushered in several less obvious but more far-reaching changes. The most significant and, for that reason, controversial, is that it has convinced the editors of NA²⁸/UBS⁵ to abandon the longstanding notion of manuscript text-types. This shift alone could be momentous for the discipline”.

Ongelukkig is dit nie nou bekend wie uiteindelik die beslissing gee ten opsigte van die finale teks van N-A²⁹ nie, aangesien Aland dit reeds in 1970 duidelik gemaak het dat dit onmoontlik is om konsensus onder tekskritici op die paneel te kry deur ‘n stemming te hou oor die mees betroubare lesing⁴⁸ en gevolglik word die lesing waaroor die minste verskille bestaan, opgeneem in die gedrukte teks.

Is daar ‘n alternatief?

Moderne Bybelvertalings word byna sonder uitsondering op die kritiese Griekse teks van UBS of Nestlé-Aland gebaseer. Tans is daar geen rede om te aanvaar dat hierdie Griekse tekste nie steeds betroubare weergawes van die Griekse Nuwe Testament is nie. Maar, in die lig van die “nuwe perspektief” op die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek sal slegs die tyd ons kan leer hoe lank hierdie stelling nog waar sal wees. Dat daar definitiewe verandering in die benadering tot die betroubaarheid van die grondteks van die Nuwe Testament onder die “nuwe perspektief” teweeg gebring word, kan nie ontken word nie.

Dit laat ons met die vraag of daar naas die eklektiese teks, soos verteenwoordig in die Griekse Nuwe Testament van UBS/N-A, enige ander betroubare bronne vir die Griekse grondteks is? In hierdie opsig meen Maurice Robinson daar is ‘n moontlike alternatief vir konserwatiewe

⁴⁷ Gurry, Peter. 2016. “How your Greek NT is changing: a simple introduction to the coherence-based genealogical method (CBGM)”, In: *Journal of the Evangelical Theological Society* 59/4 (2016), p. 685.

⁴⁸ Aland, K. 1970. “Novi Testamenti Graeci Editio Maior Critica: Der gegenwärtige Stand der Arbeit an einer neuen grossen kritischen Ausgabe des Neuen Testaments,” In: *NTS* 16 (1970), p. 166.

teoloë en Bybellesers, wat ‘n betroubare bronteks wil lees, maar versigtig is vir die beïnvloeding van Westcott en Hort⁴⁹ en die moontlike invloed wat die nuwe perspektief op die eklektiese teks in die jare wat kom, kan hê.

Die negatiewe beskouing oor die betroubaarheid van die Bisantynse-tekstradisie is besig om stelselmatig te verander, onder veral konserwatiewe Nuwe-Testamentiese geleerdes. Dit kom na aanleiding van die navorsing oor die Oxyrhynchus-papiri waarna vroeër verwys is, asook na aanleiding van die positiewe bydrae tot die navorsing van die Bisantynse prioriteitsteorie deur veral Maurice Robinson.

Ons moet egter ‘n belangrike fout uit die staanspoor uit weg ruim ten opsigte van die Bisantynse tekstradisie en dit is dat daar geen meningsverandering by geleerdes is oor die beskouing ten opsigte van die betroubaarheid van die *Textus Receptus* nie⁵⁰. Carson wys in besonderhede waarom die *Textus Receptus* nie die betroubaarste bronteks van die Nuwe Testament kan wees nie⁵¹.

Aangesien ons nie hier tyd het om op dié saak in te gaan nie, gaan hier slegs enkele opmerkings gemaak word ten opsigte van die *Textus Receptus* en die verband, asook die verskil ten opsigte van die Meerderheidstekse.

Robinson wys in sy inleiding tot die Griekse Meerderheidstekse, die *Byzantine Majority Textform Greek New Testament*⁵², dat daar ‘n algemene wanpersepsie bestaan dat die *Textus Receptus* en die Meerderheidstekse dieselfde teks is, wat (soos vroeër met verwysing na van Bruggen) inderdaad nie die geval is nie. Daar bestaan sowat 1500 verskille tussen die teks wat algemeen bekend is as die *Textus Receptus* en die Bisantynse Meerderheidstekse⁵³. Vanuit Figuur 2 hieronder (laaste bladsy), kan aangetoon word dat die *Textus Receptus* deel uitmaak van die tekstradisie wat bekend staan as die Bisantynse tradisie. Dit kan egter nie as die mees betroubare weergawe beskou word nie aangesien Erasmus, en die wat hom opgevolg het met die *Textus Receptus*, slegs van minuskel-manuskripte gebruik gemaak het wat dateer uit die 12de-13de eeu⁵⁴. Smit (2010) gaan in detail in op die verskille tussen die Meerderheidstekse en die *Textus Receptus* en merk in dié verband op: “Ons kan aanvaar dat die Meerderheidstekse

⁴⁹ Daar is ‘n toenemende groei onder behoudende tekskritici om alternatiewe te soek weg van die Westcott-Hort model vir die bronteks van die Nuwe Testament. Vergelyk in dié verband bv. Snapp, James. 2010. *Equitable Eclecticism: The Future of New Testament Textual Criticism*. Aanlyn beskikbaar by: <http://academia.edu>. Toegang: 26 Januarie 2017.

⁵⁰ Die saak vir die betroubaarheid van die Bisantynse-tekstradisie gaan nie van die veronderstelling uit dat dit die navorsing oor die betroubaarheid van die *Textus Receptus* bevoordeel nie.

⁵¹ Carson, DA. 1979 [2011]. *The King James Version Debate: A Plea for Realism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle uitgawe. Kindle plekke 383-440.

⁵² Pierpont, WG, & Robinson, MA. 1995. “The Approximation of the Byzantine/Majority Textform” in *The New Testament in the original Greek: According to the Byzantine/Majority textform*. Roswell, GA: The Original Word Publishers. Ook aanlyn beskikbaar by: <http://www.skypoint.com/members/waltzmn/RobPier.html>. Toegang: 21 Januarie 2017.

⁵³ Pierpont, WG, & Robinson, MA. 1995. *The New Testament in the original Greek: According to the Byzantine/Majority textform*. Roswell, GA: The Original Word Publishers.

⁵⁴ Vergelyk Smit, GDS. 2010. “Die bronteks van die Nuwe Testament” in *Sakelys vir die dertiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk gehou te Pretoria*, pp. 22-31.

nader aan die TR staan as aan die tekste van die UBS/Nestlé-Aland. Dit is egter beslis nie dieselfde teks nie...⁵⁵”.

Epp⁵⁶ meen dit was Westcott en Hort wat self verantwoordelik was vir dié misverstand oor die verband tussen die *Textus Receptus* en die Meerderheidstekse, aangesien hulle self afwisselend verwys het na die *Textus Receptus* en/of die Meerderheidstekse. In verreweg die meerderheid gevalle waar hulle bedoel het om te verwys na die Meerderheidstekse het hulle die benaming *Textus Receptus* gebruik. Dit is egter merkwaardig dat Scrivener die *Textus Receptus* alleen as betroubaar aanvaar, en Westcott en Hort, saam met die Meerderheidstekse-lesing verwerp⁵⁷. Tog word Scrivener dikwels verkeerdlik deur voorstanders van die Meerderheidstekse as ‘n medestryder vir die Meerderheidstekse beskou⁵⁸.

Daar is ten spyte van die feit dat *Textus Receptus* nie die mees betroubare teksgetuie is nie, ‘n sterk saak uit te maak vir die Bisantynse-prioriteitsteorie as alternatief op die eklektiese UBS/N-A-teks.

Robinson⁵⁹ is van mening dat die eklektiese teks ‘n “*Achilles-heel*” het: dit is dat die datering van die teks as vertrekpunt van die eklektiese benadering, soms veroorsaak dat ‘n enkele lesing as gesaghebbend aanvaar word omdat geleerdes reken dat dit die oudste manuskrip is, terwyl die lesing nie in enige ander manuskrip, vertaling, of kerkvader voorkom nie. Daarteenoor argumenteer Robinson dat die Bisantynse-prioriteitsteorie lankal nie meer net kyk na die meerderheid manuskripte wat ‘n lesing ondersteun nie, maar óók na die datering van die manuskripte, met dié voordeel (teenoor die eklektiese benadering) dat verskillende manuskripte in die “poel” gegooi word om te verseker dat daar konsensus is oor die mees betroubare lesing⁶⁰. Dit, meen Robinson, forseer die geleerde wat met die teks werk, om soortgelyke vrae te vra as dié wat in die eklektiese benadering gevra word ten opsigte van die datering, oordrag en betroubaarheid van manuskripte.

Een van die mees algemene aanhalings wat ons vind by die eklektiese benadering ten opsigte van die kwaliteit van ‘n tekslesing, is die frase: “*manuskripte moet geweeg word en nie getel word nie*”. Vanuit hierdie uitgangspunt aanvaar die eklektiese benadering gevolglik dat dit tydens die kopiëring van manuskripte in die vroeg-Christelike kerk ‘n tendens was om aantekeninge of wysigings in ‘n manuskrip ten opsigte van veral “moeiliker tekste” by te voeg,

⁵⁵ Smit, a.w. p. 27.

⁵⁶ Epp, Eldon Jay. 2002. “ISSUES IN NEW TESTAMENT TEXTUAL CRITICISM. Moving from the Nineteenth Century to the Twenty-First Century”. In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 534.

⁵⁷ Scrivener, FHA. 1894. *A Plain Introduction to the Criticism of the New Testament. 4th Edition*. London: Bell Publishers, pp. 363, 398.

⁵⁸ Vergelyk Wallace, DB. 1995. “Historical Revisionism and the Majority Text Theory: The Cases of F. H. A. Scrivener and Herman C. Hoskier” in *New Testament Studies* 41, pp. 280-285.

⁵⁹ Robinson, MA. 2002. “The case for Byzantine Priority”, In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 1696.

⁶⁰ Robinson, a.w., Kindle plek 1733.

eerder as om 'n teks te verkort. Die korter lesing sou dan noodwendig volgens die eklektiese benadering die oudste en meer betroubare lesing wees.

Epp⁶¹ verwys na die navorsing van Colwell wat oortuigend aantoon dat 'n korter lesing in meeste gevalle by die majuskel-tekste van die Alexandrynse tekstradisie voorkom, maar dat daar honderde voorbeelde in die GNT is waar die Alexandrynse tekste 'n langer lesing as die Bisantynse tekste het. Indien Westcott en Hort se teorie konsekwent toegepas word, sou dit moes beteken dat die Bisantynse tekste in dié gevalle die oudste en meer betroubare lesings bevat.

Dieselfde geld ook moeiliker lesings waarby die eklektiese benadering meen dat 'n lesing eerder makliker gemaak sou word in die transmissie-proses as moeiliker en daarom word die moeiliker lesing as die meer betroubare lesing aanvaar⁶². Moisés Silva wys op talle plekke in die Alexandrynse tekste waar 'n makliker lesing voorkom, teenoor die Bisantynse tekste se moeiliker lesing⁶³. Indien Westcott en Hort korrek sou wees, beteken dit dat die Bisantynse tekste in hierdie gevalle ook ouer en meer betroubaar moes wees.

Dienooreenkomstig gaan die eklektiese benadering uit van die argument dat daar geen Bisantynse teks is voor die 4de eeu nie en daarom kan die Bisantynse tradisie nie betroubaar wees nie⁶⁴. Soos reeds aangetoon, is daar nuwe bewyse wat aantoon dat daar wel teksgetuies vanuit die Oxyrhynchus-papiri is wat dateer voor die 4de eeu, wat die Bisantynse tekstradisie en sy betroubaarheid in 'n heel nuwe lig stel. Oor die datering van die Bisantynse tradisie moet daar beslis meer navorsing gedoen word aangesien die moontlikheid kan bestaan dat ons die datering heeltemal verkeerd het.

Waarvoor hier gepleit word, is nie dat ons die spreekwoordelike “appelkar omkeer” nie, maar dat ons rekening hou daarmee dat daar in die Nuwe- Testamentiese wetenskap spanning is tussen konserwatiewe teoloë en die liberale teologie. Laasgenoemde bevraagteken toenemend die gesag en betroubaarheid van die Nuwe Testament en in onlangse publikasies ook die teks van die Nuwe Testament, soos vroeër aangedui. Daarteenoor is daar toenemende bewyse dat daar wel 'n alternatiewe Griekse teks van die Nuwe Testament is wat gereken kan word as moontlik minstens net so betroubaar, en in die lig van voortgaande navorsing, die moontlikheid bied om dalk selfs meer betroubaar te wees as die kritiese tekste waaraan ons gewoon geraak het.

⁶¹ Epp, Eldon Jay. 2002. “ISSUES IN NEW TESTAMENT TEXTUAL CRITICISM. Moving from the Nineteenth Century to the Twenty-First Century”. In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 289.

⁶² Daar is nie hier plek om in besonderhede in te gaan nie. Die vertrekpunte waarna verwys word, kan nageslaan word in: Aland, Kurt & Aland, Barbara. 1989. *The Text of the New Testament. An introduction to the critical editions and to the theory and practice of modern textual criticism. Revised and enlarged*. Grand Rapids: Eerdmans, pp. 280-281.

⁶³ Epp, a.w. Kindle plek 299.

⁶⁴ Robinson, MA. 2002. “The case for Byzantine Priority”, In: Black, David Alan (red.). 2002. *Rethinking New Testament Textual Criticism*. Grand Rapids: Baker Publishing Group. Kindle Uitgawe, Kindle plek 1696.
Robinson, a.w., Kindle plek 1870.

In die lig van alles wat hierbo gesê is wil ek gevolglik 'n saak uitmaak dat voortgaande navorsing en studie van tekste wat die Bisantynse tekstradisie verteenwoordig, lank nie irrelevant of onwetenskaplik is nie. Inteendeel is dit duidelik dat die goue era van Westcott en Hort se invloed op die grondteks van die Nuwe Testament vinnig tot 'n einde kom en dat ons in hierdie eeu kan verwag dat die gedrukte teks van die Nuwe Testament onder invloed van teoloë soos Parker en Ehrman moontlik 'n drastiese wending kan neem. Op die huidige tydstip kan ons nie anders as om te wag-en-kyk nie, maar dit is duidelik dat daar rede is om die vraag te vra of daar alternatiewe is?

Daar moet egter hier ook gewaarsku word dat, onder die dekmantel van vennootskap met die Bisantynse tekstradisie, kom staan daar vandag 'n fundamentalistiese benadering wat die *King James Only*-beweging genoem kan word. Hier vind ons name soos Samuel Gipp, DA Waite, Gail Riplinger en Peter Ruckman⁶⁵. Hierdie benadering doen die saak vir die Meerderheidstekste meer skade as goed, en moet afgewys word. Dit moet ook duidelik wees dat dit nie die saak vir – of standpunte van die Bisantynse prioriteitsteorie verteenwoordig nie, en dat hier nie ruimte gemaak word vir dié benadering nie.

Redes waarom die Bisantynse tekstradisie vir die Reformatoriese kerke belangrik is⁶⁶

Die Bisantynse tekstradisie (Meerderheidstekste) was dominant as kerklike teks in die grootste deel van die kerkgeskiedenis (350 n.C. – 1516) en het eers met die ontdekking van bekende majuskel-manuskripte vanuit die Alexandrynse tekstradisie in onbruik geraak. Daar bestaan geen twyfel dat die Griekssprekende Christelike kerke dié teks as beide liturgiese teks en populêre teks gelees het nie.

Daar bestaan onder sekere voorstanders van die Bisantynse tekstradisie die valse indruk dat daar geen verskille tussen die Bisantynse manuskripte bestaan nie. Géén van die ongeveer 5000 manuskripte van dié tekstradisie is identies nie. Daar is selfs plekke waar tekste binne die Bisantynse tradisie uiteenlopend van mekaar verskil. In hierdie gevalle dien die blote oorweldigende getal manuskripte wat vergelyk kan word, 'n sinvolle paradigma vir tendense, konjunktore, glosse, doelbewuste en nie-doelbewuste variasie en emendasies en kan tekste sinvol in teksfamilie verdeel word. Aangesien hierdie tekste binne 'n spesifieke teksfamilie ontleed word, kan die stigometrie en kolometrie van die teks glosse en/of harmoniëringspogings ontbloot.

Vanuit die sowat 5000 leksionaria en volledige manuskripte van die Nuwe Testament, bevat 90% van hulle die Bisantynse tekstradisie. In dié opsig het die tekstradisie die benaming

⁶⁵ Vir meer inligting raadpleeg: Deane, David RC. 2016. *New Testament Manuscript Evidence and Modern Textual Criticism: A Rejoinder to the Battle for the Book of Books*. Newcastle, Australië. Aanlyn beskikbaar by: <http://academia.edu>. Toegang: 26 Januarie 2017.

⁶⁶ Die inligting onder hierdie opskrif is 'n verwerking van die inleiding tot die Bisantynse teks volgens die meerderheidslesing in Robinson en Pierpont se *New Testament in the original Greek: According to the Byzantine/Majority textform* met eie insigte en kommentaar ter toeligting van die argument.

“meerderheidstekste” ontvang. Hoewel die hoeveelheid tekste alleen nooit die deurslag kan gee ten opsigte van betroubaarheid nie, val ‘n beduidende getal manuskripte uit die Bisantynse tekstipe binne die onmiddellike kopiëringsdatum (of kort daarna) van Alexandrinus, Sinaiticus, Vaticanus, Kodeks Bezae Cantabrigiensis en sekere ander majuskelmanuskripte wat deur die kritiese uitgawes van die GNT as betroubaar erken word. Hoewel die Alexandrynse effens ouer is as die oudste majuskels van die Bisantynse tradisie, bied die Alexandrynse tradisie nie naastenby die hoeveelheid teksgetuïenis as die Bisantynse tradisie vir ‘n spesifieke kerklike lesing nie.

Hoewel Westcott en Hort nie die Bisantynse tekstradisie as betroubaar erken het nie, en die aanvanklike kritiese uitgawes van die GNT van N-A/UBS slegs na sekere variante lesings verwys het buite die Alexandrynse tekstradisie, sluit die tekskritiese apparaat van N-A/UBS vroeg in die 20ste eeu reeds die Bisantynse teksgetuïenis as variante lesings in. Hiermee erken die kritiese uitgawe van die GNT die bydrae wat die Bisantynse tekste lewer in die vasstelling van die brontekste in veral moeiliker tekslesings, en word die variante lesings van die Bisantynse tradisie op dié wyse reeds al byna ‘n 100 jaar in die tekskritiese oorwegings van Bybelvertalings sedert die 20ste eeu in oorweging geneem.

Hoewel die Alexandrynse tekstradisie in die kritiese uitgawes van die GNT slegs *vellyn* - en papius-getuïenis in majuskelt tekste van die vyfde eeu en vroeër as gesaghebbende variante lesings aanvaar, is die teksgetuïenis uit Egipte verreweg in die minderheid. Selfs sekere tekste wat as Alexandrynse tekste aanvaar word, is slegs Alexandryns in oorsprong, maar vertoon in inhoud duidelike Westerse of Bisantynse tekstuele invloed. Hierdie spesifieke tekste word bloot nie deur geleerdes in die kritiese uitgawe aanvaar nie en die Bisantynse invloed op hierdie tekste word dikwels geïgnoreer. Hoewel die kritiese uitgawes van GNT nie lesings aanvaar bloot omdat hulle ‘n meerderheid ondersteuning in teksgetuïenis het nie word sulke “Bisantyns-Alexandrynse tekste” ironies genoeg op grond van meerderheidsopinie op subjektiewe wyse verwerp.

Die verskille en teorieë waarvolgens variante lesings geweeg word in die kritiese teks veroorsaak dikwels verwarring. Lachman, Tregelles en Aland aanvaar outentieke en gesaghebbende tekste as dié wat die oudste lesing verteenwoordig. Tischendorf, Westcott en Hort aanvaar nie noodwendig die oudste manuskripte nie, maar hulle gunsteling manuskripte (Alexandrinus, Sinaiticus en Vaticanus), terwyl daar konsensus bestaan dat die Kodeks Beza Cantabrigiensis en Washingtonianus in datering en inhoud minstens ewe betroubaar is. Tischendorf, Westcott en Hort kies dus om spesifieke teksgetuïenis te aanvaar en ander nie. Metzger en Gordon Fee bepleit ‘n beredeneerde eklektiese benadering waarin ander teksgetuïenis vanuit die Alexandrynse tradisie ewe veel seggenskap moet hê, terwyl Kilpatrick en Elliot slegs ‘n eng eklektiese benadering ondersteun.

Die wyse waarop die teksgetuïenis van die kritiese GNT hanteer word, veroorsaak ‘n toenemende ongemak by Skrifgetroue teoloë aangesien die data wat opgeneem word in die tekskritiese apparaat van verskillende uitgawes van N-A/UBS van mekaar verskil ten opsigte van die datering, betroubaarheid en gewig van die teksgetuïenis. Die verskil in

sekerheidsgradering tussen UBS^{3CORR} en UBS⁴ se A en C lesings is klassieke voorbeelde van hoeveel ongelukkigheid arbitrêre besluite oor die tekskritiese apparaat in kerklike kringe veroorsaak, terwyl daar weinig nuwe tekste in die Alexandrynse tekstradisie na vore kom. Hierdie verskille word dikwels by wyse van “kerklike konsensus” uitgedraai, maar in ‘n demokratiese stelsel word die meerderheid se standpunt gewoonlik gehandhaaf en nie noodwendig die regte standpunt nie. As voorbeeld hiervan verwys ek na die “Handleiding vir Bybelvertaling vir die bronteks-georiënteerde vertaling van die Bybel in Afrikaans wat moontlik in 2019 sal verskyn. Hierin word bv. gemeld oor die gebruik van die Griekse bronteks dat die UBS⁴ se sekerheidsgraderings in die tekskritiese apparaat inkonsekwent is, maar dat dié bronteks nietemin as uitgangstekste sal dien aangesien daar konsensus onder internasionale bondgenote is om die nuutste uitgawe van UBS in Bybelvertalings te gebruik: *“For joint translation programs, teams should base their work on the critical edition of the Greek New Testament published by the United Bible Societies”*. Daar word in die genoemde handleiding erken dat die UBS⁴ in aansluiting by Clarke (2002), Scanlin, Silva & Baarda (1994), Wong (1994), Elliott (1994) en Ellingworth (1996) soveel onduidelikhede en probleme ten opsigte van die tekskritiese apparaat en die teksgradering (A,B,C,D) bevat dat daar eerder van die teks van UBS^{3corr} in die vertaling as van die UBS⁴-uitgawe gebruik gemaak moet word. Dit is te verstane dat hierdie soort verwarring veroorsaak dat daar dikwels in kerklike kringe gewys word op die probleem van die subjektivisme by die kritiese teks van die GNT.

‘n Laaste argument waarom die Bisantynse tekstradisie vir die reformatoriese kerke belangrik is, is omdat ons ons in Skrifbeskouing en belydenis met die historiese katolieke (algemene) kerk en sy tradisies assosieer. Ek meen dat ‘n teks wat kosbaar was vir die kerkvaders in Bisantium en van die vroeë kerk tot en met die Reformasie bruikbaar was vir die liturgie en die Woordverkondiging, vir weerlegging van dwaalleer en die kategeese, van kansel tot die graf, nie sommer so nutteloos word omdat die meerderheid konsensus daarvoor het nie.

Om dié rede kan die Bisantynse tekstradisie veral in ons konteks, waar ons ons visier gestel het op die herwinning en herontginning van die teologie van die kerk van die eeue, beslis nie skade doen nie. Intendeel kan dit ons eerder intiem verryk.

Wat ek vandag vir u op die tafel kom sit is slegs argumente waarom ‘n Skrif-gefundeerde model vir ‘n Reformatoriese grondtekste in die 21 ste eeu nodig is. Ek stel voor dat so ‘n Skrif-gefundeerde model hom moet losbreek van die boeie van die rasionalisme maar ook van subjektivisme en relativisme. Dat so ‘n model lig moet loop vir die versoekings van die konserwatisme met sy gewaande vroomheid en tog duidelik teenoor die liberalisme getuig: daar is een God, een Woord en een waarheid, maar dat ons in die proses tog versigtig moet wees vir ‘n narcisstiese grootheidswaan, wat so maklik hoogmoedig word en sy ore toeklap vir die waarde en bydrae van ander insigte.

‘n Saak vir die waarde van die Statevertaling as verteenwoordiger van die Bisantynse tradisie

In die lig van die byeenkoms vandag, is dit gepas om nou vervolgens kortliks te vra in hoe ‘n mate dit wat ons tot dusver bespreek het die Statevertaling en die vertaling van die kantaantekeninge van die Statevertaling raak?

Daar is reeds voldoende aangetoon dat daar onder konserwatiewe teoloë ‘n versugting bestaan na ‘n betroubare grondteks van die Nuwe Testament, wat nie deur die vooroordele van Westcott en Hort, Aland & Aland en Skrifkritiese geleerdes na die kerklike leser gebring word nie. Daar is ook voldoende aangetoon dat Robinson en Pierpont se *New Testament in the original Greek: According to the Byzantine/Majority textform* ‘n goeie alternatief bied in sulke gevalle⁶⁷.

Vanuit Figuur 2 is aangetoon dat die Bisantynse tekstradisie onder andere verteenwoordig word in die *Textus Receptus*, en hoewel die *Textus Receptus* nie een van die oudste en mees betroubare verteenwoordigers van die Bisantynse tradisie is nie, was dit die teks wat tydens die hervorming van die 16de eeu in Nederland deur Protestante gebruik is. In 1618-1619 het die sinode van Dordt in beginsel goedgekeur dat die Bybel in Nederlands vertaal word en die Statevertaling het in 1637 verskyn⁶⁸. In 1652 het dié Bybel saam met Jan van Riebeeck na die Kaap gekom. Dit het die Bybel van die Franse Hugenote, Voortrekkers en Boerekrygers van die 18e tot die begin van die 20ste eeu geword, en is eers in 1933 deur die Bybel in Afrikaans vervang. Die Statevertaling word openlik erken as die teks waarop die 1933 Bybelvertaling gebaseer is. Wegener⁶⁹ verwys na die verklaring voor in die 1933 vertaling van die Bybel in Afrikaans waarin gemeld word dat die algemene bekendheid van die Statevertaling dit onwenslik gemaak het vir die vertalers om af te wyk van die teks van die Statevertaling aangesien die lesers sou weier om dit te aanvaar. Dit is jammer dat die Griekse teks so ‘n klein rol gespeel het in die vertaling van die eerste Bybel in Afrikaans, maar dit beklemtoon die belang van die Statevertaling in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Bremmer⁷⁰ lei die handleiding vir die metodologie van die Reformatoriese Studiebybel in met die woorde: “*Een ‘Reformatoriese Studiebybel’ voor het Afrikaanse volk: dat is het doel dat we met dit vertaal- en revisieproject voor ogen hebben*”. Voorts haal Bremmer vir Bosman aan wat sê: “*Om by te dra tot die herontwaking en oplewing van die gereformeerde geloof in Suid-*

⁶⁷ ‘n Besondere geleentheid wag om die Meerderheidstekes van Pierpont en Robinson, wat tans beskou word as die beste teks van die Bisantynse tradisie, iewers in die toekoms in Afrikaans beskikbaar te stel. Dit sou ‘n baie bruikbare teks wees vir veral kerke en gelowiges wat nie konsensus oor die Alexandryse grondteks van die Nuwe Testament kan bereik nie en veral vir gebruik in Protestantse kringe.

⁶⁸ Wegener, GS. 1958 [1985]. *In die begin was die Woord. Die aangrypende verhaal van die Bybel*. Kaapstad: Human & Rousseau, p. 221.

⁶⁹ Wegener, a.w., p. 221.

⁷⁰ Bremmer, CC. 2017. *Methodologie Reformatoriese Studiebybel*, Ongepubliseerde handleiding van die Gereformeerde Bijbelstichting (Nederland) vir die vertaling van kantaantekeninge van die Statevertaling, Elektroniese uitgawe, p. 2.

Afrika onder Afrikaanssprekendes, is 'n gereformeerde studiebybel in Afrikaans vir huisgodsdienst en erediens onontbeerlik⁷¹”.

In die lig van die ontwaking van die studie van die Bisantynse tekstradisie en in die lig van die belang van die Statevertaling in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kerkvolk, is 'n Gereformeerde Studiebybel in die gees van die Reformasie wenslik.

Ten slotte

Waarvoor in hierdie referaat gepleit word, is nie 'n “of-of” benadering, waarin die een tekstradisie teen die ander afgespeel word nie, maar 'n “en-en” benadering waarin die besondere waarde van verskillende tekstradisies van die Griekse Nuwe Testament opnuut die verbasing en bewondering van die kerk en teoloog aangryp.

Waar die teologie die afgelope 200 jaar swaar gefokus het op die waarde, integriteit en betroubaarheid van die eklektiese teks, by name veral in die 20ste eeu, op die kritiese uitgawes van UBS-N/A, is daar groot ruimte vir die studie van die Bisantynse teks en sy gepaardgaande vertalings om hierdie besondere juweel van God se Woord wetenskaplik te herontdek en waardeer.

Om dié rede behoort ons trots te wees, maar ook nederig-dankbaar, om betrokke te kan wees by so 'n grootste projek soos die vertaling van die kantaantekeninge by die Statevertaling. Sodoende werk ons mee om dié kerklike tekstradisie, wat so kosbaar is in die geskiedenis van die Christelike kerk, onder die breë kerkvolk te bevorder.

⁷¹ Bremmer, a.w., p.2.

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE TEKSTRADISIES VAN DIE NUWE TESTAMENT

